

Week 5 en 6 (31Aug - 11 Sep)

Aanbeveling: Doen 2 of 3 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

Wiskunde (CAMI oefeninge is opsioneel)

Soos verduidelik in die CAMI brief - Volg die volgende roetes om by die oefeninge uit te kom soos verwys in die onderstaande kontrolelys.

1. Klik op oefen.
2. Klik op wiskunde.
3. Klik op onderwerpe.
4. Gebruik die soek funksie en tik die CAMI kode in.
5. Maak seker u kies Graad R by die graad opsie. Klik op soek.
6. Klik op die skakel wat opkom. Dit sal u na die oefening neem.

- Kwartaal 2 DBE Rooiboek - Voltooi bl.12 - 20.
- Noem die dae van die week op. Sê watter dag was dit gister? Watter dag is dit môre?
- Tel tot by 20 en tel terug van 10 - 0
- 3D vorms (vorms met 'n lyfie)

In die klas het ons al geleer van 'n sfeer, kubus en keël.

- Soek prente/voorwerpe in die huis wat elkeen daardie vorm het.
- Gesels oor waar ons nog voorwerpe met die vorms sal sien.
- Gebruik klei en skep elke vorm.

Volume

In die klas het ons met water gespeel.

- Maak 5 glase vol water, maak 2 ewe vol, en die res verskillend.
- Vra vrae soos watter glas het die meeste/minste water in?
- Watter glase het ewe veel water in.

- Sorteër die glase van die volste na die leegste en dan weer van leegste tot die volste. **NB Let op die rigting van links na regs, watter een kom eerste?**

□ Volume in die huis

- Speel in die bad met verskillende soorte houers wat verskillende hoeveelhede water kan opneem. Tel hoeveel keer jy met 'n klein bakkie water kan oorgooi om een groot bak vol te maak.

□ Gesels oor die soorte bakkies:

- Watter bakkie dink jy kan die meeste water vat?
- Watter bakkie dink jy vat die minste water?
- Sorteër die bakkies van die meeste tot die minste hoeveelheid water wat hulle kan neem.

□ Meting (CAMI: 5751)

Ons meet items op 'n baie informele wyse.

- Vra u kind om verskillende items met hul hande, voete, vingers, kryte ens. te meet, byvoorbeeld:
- Hoeveel hande is so lank soos die tafel?
- Hoeveel vingers is so lank soos 'n lepel?
- Hoeveel voete is so lank soos jou een kamer muur?

□ Oplos van mondelingse optel-en aftrekprobleme tot die getal 8.

- Gee kind verskillende soorte woordprobleme deur 'n hoeveelheid by te sit of weg te vat in 'n situasie wat vir hulle realisties/bekend is.
- Hulle moenie tellers of hul vingers gebruik nie, maar dit in hul "kop" doen.
- Begin met 1 bysit of wegvat, dan 2 en meer om kind uit te daag.

Voorbeelde van woordprobleme:

- Daar is 5 appels in die boom, 1 appel val af. Hoeveel bly oor in die boom?

- Daar is 6 leeus, 2 leeus loop weg. Hoeveel leeus bly oor?

Ander voorbeelde: kryte, soorte diere, kinders, soorte vrugte, soorte speelgoed. Dit kan amper elke dag geoefen word. Dit is lekker om dit spontaan te doen soos wanneer julle ry of in die bad sit.

- Bou 'n legkaart. (CAMI: 2206, 2212)
- Ons het verlede week getal 7 aangeleer, hersien die storie van getal 7 en let op die getalnaam, kolkaart en simbool.
- Getalname, getalsimbole en kolkaarte 1 - 7. (CAMI: 5761, 5028, 5009, 5762)
- Meer of minder. (CAMI: 5071)

Huistaal

- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die b - klank
- Hersien klankies wat ons reeds ken deur vir elke klanke 3 van jou eie woorde te gee wat met daardie klankie begin. (w, v, m, n, r, l, h, t, o, a, g, b)
- Maak 'n sinnetjie met die volgende woorde, om die betekenis van die woord te beskryf.

Dag 1	w	v	m	n
	water waatlemoen wolke	volstruis venster vou	mou malvalekker my	net nartjie nee
Dag 2	l	r	h	a
	lees lui lepel	rot ram rooi	horlosie huis hout	anker alarm alles
Dag 3	t	o	g	b
	tafel teelepel	oranje olifant	gooi gieter	bok boks

	toffie	of	gras	bou
--	--------	----	------	-----

- Kies 'n storieboek wat jy nog nie voorheen gelees het nie, of 'n storie wat jy nie so goed meer kan onthou nie. Maak die boek by enige bladsy oop en kyk na die prentjie.
 - Verbeel jou jy het die boek geskryf en vertel vir mamma die storie deur na die prent te kyk. Voorspel wat volgende gaan gebeur.
- Teken die einde van jou storie sonder om na enige ander prente in die boek te loer. Vertel vir mamma hoe jou storie gaan eindig.
- Vergelyk nou jou prentjie wat jy geteken het met die laaste prentjie in die boek. Sien jy enige verskille tussen die twee prente? Sien jy enige dele wat dalk dieselfde is? Bespreek dit met mamma.
- Mamma / Pappa lees die storie voor vir genot. Bespreek woorde wat die leerder nie ken nie.

Doen en Leer

My groenboek kan ongelukkig nie meer deur Juffrou gemerk word nie en is dit my verantwoordelikheid om getrou die weeklikse werk te voltooi.

- Voltooi en haal in: Week 24

Slegs leerders met komorbiditeite

Slegs die leerders met komorbiditeite wat boeke kom afhaal het, voltooi ook die volgende werk. Hierdie werk word met die res van my klasmaats gedurende klastyd behandel.

1. Spogboek: Voltooi asb. Kwartaal 3 se volgende bladsye:

- Winter,

- Water en
 - Almal dra 'n jas
2. Kwartaal 3 DBE Rooiboek
- Voltooi bl. 21 – 30
3. Maak asb. kontak met die klasonderwyser om seker te maak of daar vir die week ekstra kunswerk by die skool afgehaal moet word. Die werk sal voorsien word waar moontlik.



Doen net jou
beste!

